
VOORDFEES, WOORDFEES, WOORDFEES, WOORDF
WOORDFEESKOERANT VAN DIE DEPARTEMENT JOERNALISTIEK, Univ. Stellenbosch
DIE WOORDFEESKOERANT 2006
Lip
Departement Joernalistiek 2006

## ORGANISEERDERS:

# WOORDFEES OORTREF ALLE VERWAGTINGE


### Sien Binne



KUNS



NEELSIEFEES



REVIEW BATTLE



**KAROO BLUES KOM BOLAND TOE** Helena Nuwegeld, David Kramer, Siena en Jan Mouers tokkel en sing vir die gehoor. Foto: **Craig McKune**

Jan Gerber en Elizabeth Atmore

"Beslis 'n sukses."

So som Theo Kemp, Woordfees-bestuurder, vanjaar se fees op.

"Stories" was die tema van 2006 se Woordfees, wat van 6 tot 12 Maart op Stellenbosch plaasgevind het. Daarom was skrywers helder in die kollig.

*Skrywersgala*, die fees se vlagskip-skrywersproduksie, het nie teleurgestel nie. André P. Brink, E.K.M. Dido, George Weideman en 'n joviale P.G. du Plessis het voorlesings uit hul werk en kwinkslae gelewer en Susanne Beyers, Joanie Combrink en Nicole Holm, onder regie van Juanita Swanepoel, het tekste gedramatiseer.

Verskeie ander produksies het ook die geskrewe woord vereer, soos profiele van Adam Small en Ina Rousseau, en gesprekke met skrywers soos Koos Kombuis, Jaco Botha en Engela van Rooyen.

Drama en musiek is egter nie afgeskeep nie. Sestien dramaproduksies is aangebied, soos *Imbumba/Samesyn*, *Ysterasters, Verkeer* en *Meneer de Beer*, laasgenoemde met Frank Opperman.

In die Neelsie-studentesentrum het gewilde musikante soos Karen Zoid, Brasse Vannie Kaap, Valiant Swart en Ready D opgetree.

David Kramer het sy *Karoo Kitaar Blues* na Spier gebring en 'n verskeidenheid lewende musiek is regoor die dorp gehoor. Dit het die stemme van Rian Malan, Anna Davel en Chris Chameleon ingesluit.

Die fees het ook diskoerse, werkskole en kinderproduksies ingesluit.

Volgens Kemp het vanjaar se Woordfees die organiseerders se verwagtinge oortref.

"Woordfees 2006 was heelwat groter as die vorige fees en is die grootste Woordfees tot op hede," het Kemp gesê. Die totale bywoning, insluitende die gratis produksies, was sowat 26 000 mense. Verlede jaar het 21 000 mense kom kyk.

"Dit is wonderlik om te kan sê dat nie net kommersiële vertonings nie, maar ook skrywersprogramme en diskoerse, uitverkoop het," het Kemp gesê.

Een van die vertonings wat nie goed bygewoon was nie, is die dansproduksie *Katz & Abaqondisi*, by die Oude Libertas-restaurant. Kemp meen dat die vertoning swak ondersteun is omdat "dié kunstenaars nie *mainstream* is nie en daar soveel ander produksies dieselfde tyd aan was".

Volgens Kemp moet " 'n mens nie uit die oog verloor dat Sharon Katz (wat op besoek uit die VSA hier was) en haar groep al die hele feesweek hier was om uiters suksesvolle *workshops* vir musikante in Kayamandi aan te bied nie. Die show by Oude Libertas was dus nie die hoof-*event* vir hulle nie."

Die swak bywoning van *Katz & Abaqondisi* beteken egter nie dat buitelandse kunstenaars nie in die toekoms na die fees genooi sal word nie.

Volgens Kemp het die fees "veral 'n sterk band met Nederland en België".

Hulle kry elke jaar musikante en skrywers van dié lande. Vanjaar was dit onder andere Gerard van Maasakkers, Jo Decaluwe, en Lut de Block. Volgens Kemp is dit "belangrik vir enige fees om ook 'n internasionale komponent te hê".

Kemp meen dat die Woordfees vordering maak met die insluiting van die hele Stellenbosse gemeenskap met die Kayamandi-projek en die produksies *Langarm snackdance* en *Words Open Worlds (WOW)*. Hy meen egter dat daar nog baie gedoen kan word om die breër gemeenskap te betrek.

*Lip* het gehoor hoe studente kla dat die fees ontoeganklik is. Onvoldoende bemarking, die hoë pryse van kaartjies en die onderverteenwoordiging van Engels was volgens dié kommentators problematies.

Lurina Muller, Studenteraadslid vir Kultuur, meen studente was vanjaar wel baie beter betrek as by vorige feeste. Die SR het 'n groot bemarkingsveldtog geloods. Al die huiskomitees het programme gekry om by koshuise uit te deel en die massasêr is verskuif na die week voor die fees om daarmee saam te val.

Die SR het ook 'n groot teenwoordigheid op die Rooiplein gehad om die fees te bemark. Volgens Muller was die fees se organiseerders baie tevrede met die SR se betrokkenheid.

Een van die hoogtepunte vir Kemp was die feit dat daar geen kragonderbrekings was wat die fees ontwrig het nie. Hy was ook bly om te sien dat mense die fees geniet en positiewe goed daaroor sê.

Van die probleme wat hulle wel ervaar het, is e-posse en telefoonoproepe van gehoorlede wat oor sommige produksies of kunstenaars se taalgebruik kla. Die organiseerders oorweeg dit om in die toekoms van programwaarskuwings gebruik te maak.

Nog iets wat volgende jaar aandag sal kry, is beter skedulering. Daar sal moontlik ook minder produksies in elke genre wees, ten einde nog beter bywoning te verseker.

# NEDERLANDERS, BELGE: WAT MAAK HULLE HIER ?

**Aldi Schoeman**

Mense met 'n liefde vir tale uit die Lae Lande kon bekendes uit Nederland en België tydens die Woordfees ontmoet.

Volgens prof. Wium van Zyl van die Kaapse Forum vir Neerlandistiek (KFM) staan Nederlands in funksie van Afrikaans. Van Zyl sê iemand wat "Afrikaanstalig is en nié sy vermoë om Nederlands te lees en te praat ontwikkel nie, ontwikkel sy kennis van Afrikaans nie tot die maksimum nie".

Hoewel Afrikaans ook deur inheemse Afrikatale beïnvloed word, is die verwantskap nie so groot soos met Nederlands nie. Van Wyk sê verder dat Nederlands Afrikaanssprekendes toegang gee tot tegnologie, wat nie die geval is met ander tale nie.

Afrikaanssprekendes het só toegang tot die mees ontwikkelde mense in die wêreld, sê Van Zyl. Daar is 19 miljoen mense in Europa wat Nederlands praat. Dit gee hulle ook toegang tot onder meer die Russiese letterkunde. Meer titels word uit alle tale wêreldwyd na Nederlands vertaal as na Engels.

Getalle by Nederlandse produksies op die Woordfees is ook besig om te groei, sê Van Zyl. Nagenoeg 70 mense het die Neerlandistiekdag bygewoon. Baie van hulle was "gewone mense".

By ander kunstefeeste is Nederlands glo minder gewild, maar by die Woordfees word Afrikaanse kunstenaars genooi om saam met die Nederlanders op te tree. Van Zyl sê gehore vir Nederlandse produksies op die KKNK is klein, omdat dié mense vir Suid-Afrikaners onbekend is.

Dié Woordfees-produksies is op 'n nismark gerig, sê me Elbie Adendorff by die Universiteit van Stellenbosch se Departement Afrikaans. Dit gee studente geleentheid om digters en skrywers oor wie se werk hulle in die Nederlandse letterkundeklasse leer, te ontmoet.

Die Nederlandse digters Mustafa Stitou en Lut de Block, die sanger Gerard van Maasakkers en die Belgiese akteur Jo Decaluwe het tydens die fees opgetree én oor hul werk gesels.

Groot belangstelling het egter ook van mense gekom wat nié tans Afrikaans of Nederlands studeer nie. Lede van die publiek sê hulle woon die geleenthede by omdat hulle by die taal "aanklank vind".

Me. Lisbet van Wyk, wat een van Decaluwe se Van Gogh-vertonings bygewoon het, sê sy het gedink dit sou interessant wees om uit 'n Europese perspektief oor Van Gogh se lewe te leer.

"Ek kry die idee Afrikaanse dosente, studente en selfs die algemene publiek weet meer van Nederlandse poësie as andersom," sê dr Ronel Foster van die US se Departement Afrikaans.

Stitou erken hy lees nie Afrikaans nie. Hy was vir die tweede keer in Suid-Afrika, ná hy verlede jaar genooi is om by die Aardklop-kunstefees in Potchefstroom op te tree. Hy het van Antjie Krog se werk in Engels voorgelees.

Me. Eva Rondas van Huis ter Nederlanden sê dié organisasie wil graag die taal en kultuur van die Lae Lande aan Suid-Afrikaners bekend stel.

Afrikaans bied Europeërs 'n venster op Afrika, sê me. Eva Rondas, ook van dié organisasie. "Nederlanders verstaan Afrikaans met 'n klein bietjie inspanning."

## *Ons helde*

# Gewone mense of geskepte ikone?

**Retha Grobberlaar**

Diskoers: *Wie is ons helde*
Met Karen de Wet, Gerrit Brand, Christo van Rheede en Toast Coetzer op die paneel

"Wie is die grootste man in ons volk?" vra die Radio Kalahari Orkes in hul liedjie Die Held. Inderdaad, wie is werklik nog Suid-Afrikaanse helde? En het ons nog helde nodig?

Dit was die vrae waarop antwoorde gesoek is by een van die Woordfees-diskoerse.

Mnr. Rudi Buys, Wes-Kaapse jeugkommissaris, het die gesprek geopen deur 'n historiese perspektief oor Suid-Afrikaanse helde te bied.

"As ons kyk na ons geskiedenis, dan is die vraag na ons helde baie belangrik. Verskillende gemeenskappe het verskillende helde. Nou, na ons transformasie, is die vraag: wie is nou ons helde?"

Mnr. Christo van Rheede van die Stigting vir die Bemagtiging van Afrikaans, het na vier persoonlike heldtipes verwys.

"My musiekhelde is dood, die struggle-helde is op pensioen en Absa is nou Barclays. Wie is nou ons helde?"

Volgens hom speel politieke, ekonomiese en maatskaplike magte almal 'n rol in die skepping van helde. Selfs sportsterre se helde-status word deur borgskappe aan ekonomiese mag gekoppel.

Van Rheede meen dat ware helde eerder die gewone mens is wat 'n beter lewensruimte vir ander skep.

Me. Karen de Wet van die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria, het op die problematiek rondom die term held gefokus.

"Die term is manlik en chauvi-nisties …dis hoekom ons sportspanne name het soos Warriors. Hoekom praat ons altyd net van helde en nie heldinne nie?"

De Wet meen egter dat ons steeds helde nodig het om sin uit die lewe te maak.

Gerrit Brand, Die Burger se boekeredakteur, het bevraagteken of die idee van helde nog 'n goeie ding is. Volgens Brand word helde soos Paul Kruger soms uitgebuit vir nasionalistiese doeleindes.

Ander helde, soos Mark Shuttleworth, laat ons strewe na 'n lewenswyse wat ons nooit sal kan bereik nie. Brand het ook beklemtoon dat ware helde mense is wat dit nie ooglopend is nie, maar eerder gewone mense wat 'n verskil maak.

Hoewel die debat soms te akademies geraak het, het die gesprek tog daarin geslaag om die gehoor te dwing om daaroor na te dink.


# Redaksie

Lip Departement Joernalistiek 2006

REDAKTEUR **Niel Bekker** EINDREDAKTEUR **Samarie Smith**

*redaksie*

**UITLEG**
Edward-John Bottomley
Yolaan Begbie
Rowena Leibrandt
Philippa Norris

**FOTOGRAWE**
Emmie de Villiers
Craig McKune
Daphney Molewa
Marilyn Stanfield

**SKRYWERS**
Elizabeth Atmore
Lara Atson
Edward-John Bottomley
Jan Gerber
Aldi Schoeman
Cherice Smith
Samarie Smith
Terence Steenkamp
Retha Grobbelaar
Thobile Hans
Tebogo Monama
Gerhard Mulder
Richard Roberts
Amanda Tongha
Dewald van Rensburg
Jeanri-Tine van Zyl
Jaco Visser
René Vollgraaff



# Storie oor *liefde en land* bou brûe met sang en dans

*Imbumba / Samesyn*
Teks en regie: Jaci Smith; Musiekregie: Janine Neethling
Met Anna-Mart van der Merwe, Gys de Villiers. Jolette Odendaal, Janine Neethling en Jill Middlekop
In die Oude Libertas Teater.

# IMBUMBA

**Retha Grobbelaar**

*IMBUMBA/SAMESYN* is 'n reisverhaal waarin liefde die dryfkrag is. Die drietalige produksie (Afrikaans, Engels en Sotho) is 'n kaleidoskoop van kleur, sang en dans wat die stories van ons land vertel.

*Imbumba/Samesyn* vertel die storie van twee eensames, Kruger Strydenburg (Gys de Villiers) en Karolina Mooinooi (Anna-Mart van der Merwe) wat op soek is na verlore liefde en mekaar op hul soektog herontdek. Die twee was meer as twintig jaar gelede verlief, maar kon nooit trou nie. Nou is Kruger met sy perd op pad na Kaapstad om Karolina te gaan opsoek. Karolina reis met die trein na die Hoëveld, om die dood van haar man te verwerk. Hul herontmoeting vind op Hopetown plaas wanneer hulle toevallig gelyktydig 'n blaaskans van hul reis neem.

Die produksie begin met Umprofeta (Lerato Moloi) wat om haar vuur wag vir 'n storie.

Sy neem die gehoor op 'n reis na die storie van Karolina en Kruger, maar ook van Suid-Afrika se verskillende stories. Soos die verhaal van Karolina en Kruger ontvou, word die stories van die dorpies waardeur hulle reis aan die gehoor oorgedra.

Jaci Smith, teksskrywer en regisseur, gebruik kortverhale en gedigte van skrywers soos N.P.van Wyk Louw, Elisabeth Eybers, Antjie Krog en Ingrid Jonker om die storie te vertel.

"Dit gaan oor ons diverse land. Dis 'n mengsel van genres, musiek en verskillende letterkundige dissiplines en dit werk," verduidelik Smith haar besluit om soveel werke te gebruik.

Die musiek in *Imbumba/Samesyn* openbaar ook die stuk se Suid-Afrikaanse geur. Liedjies van musiekikone soos Mafikozolo, Anton Goosen, Miriam Makeba, Chris Chameleon en David Kramer word gebruik om 'n platform vir kulturele interaksie te skep.

Die *Imbumba/Samesyn* geselskap laat die teks en musiek tot hulle volle reg kom. Gys de Villiers en Anna-Mart van der Merwe is briljant en vertoon selfs hul sangtalente.

'n Aangename verassing is die spel van die vier jong aktrises, Lerato Moloi, Jolette Odendaal (lid van Shine4), Jill Middelkop en Relebogile Mabotja.

Moloi se spel as die magiese Umprofeta is boeiend. Sy gebruik haar hele lyf om betekenis te gee aan die musikale Sotho wat oor haar lippe vloei.

Odendaal, Middelkop en Mabotja se sang en dans versterk die reeds kragtige musiek en teks.

*Imbumba/Samesyn* is 'n hoopvolle liefdesreis en feesviering van ons kulturele rykheid.

Met 'n briljante teks en sielvolle vertolking bou *Imbumba/Samesyn* deur stories brûe tussen Suid-Afrikaners.

# 'Kunstefeeste soos nagmaal' - Gys

## **Retha Grobbelaar** praat met Imbumba se twee sterre

Bo-oor die vonkelwynreuk hoor ek die bekende stemme van Gys de Villiers en Anna-Mart van der Merwe.

Omring deur kratte, tref ek die Imbumba/ Samesyn-geselskap hard aan die oefen. Hulle moes buite Stellenbosch repeteer vir dié Woordfees-produksie as gevolg van die Wes-Kaapse kragonderbrekings.

Hoewel dit slegs 'noefensessie is, het hulle 'ngehoor van JC le Roux-werkers. Een werker staan doodstil en kyk.

Toe hulle Miriam Makeba se "Pata Pata" begin sing, begin sy hele lyf saamdans. Aan die einde klap ek en hy ewe hard hande vir dié kort flits wat ons van die produksie gesien het.

So sommer terwyl hulle die dekor oppak, kry ek kans om die twee Afrikaanse ikone, De Villiers en Van der Merwe, te ontmoet.

> "Kunstefeeste is 'n feesviering van samehorigheid. Uit 'n wit hoed het ek nie regtig meer rituele nie"

Gys en Anna-Mart is bekend vir televisiereekse soos Triptiek en Sonkring, maar teater bly albei se eerste liefde.

"As ons vandag geen meer elektrisiteit het nie, kan ons steeds op 'nstoel klim of om 'nvuur sit en stories vertel. Ons kan met ons verbeelding stories skep, met teater kan ons net ons stories vertel," verduidelik Gys sy passie.

"Teater is soos jou huis - dis onmiddellik. Jy kan dadelik sien of die gehoor van iets hou of nie… dit is ook maar soos die oerstorie om die vuur," sê Anna-Mart.

Imumba word by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees, Aardklop-kunstefees en die Woordfees opgevoer.

Verkies Gys en Anna-Mart om by kunstefeeste op te tree of eerder in teaters?

"By kunstefeeste is die ouens daar. Ons kry die idee die gehoor wil hê die produksie moet goed wees. Maar hulle is nie so krities nie," verduidelik Anna-Mart.

Gys beskou kunstefeeste as 'n belangrike deel van ons kultuur.

"Kunstefeeste is 'nfeesviering van ons samehorigheid. Uit 'nwit hoek het ek nie rêrig meer rituele nie. Kunstefeeste is soos die nagmaal van ouds waar almal saamkom."

Tydens Aardklop in 2005 het Imumba die "Beeld-Aardvark-toekenning vir baanbrekerswerk vir teks en regie" ontvang.

Anna-Mart en Gys glo die produksie se Suid-Afrikaanse geur is die rede vir sy sukses.

"Dit gaan oor ons storie. In hierdie land lewe ons. Dis nie altyd maklik nie, maar ons lewe. Met ons divêrse kultuur het ons soveel duisende stories," sê Anna-Mart.

"Imumba is vol lewenlus en hoop. Dis 'n feesviering van ons land en natuurlik is dit ook 'nliefdesverhaal," verduidelik Gys.



**SAMESPEL:** Anna-Mart van der Merwe en Gys de Villiers.

# DIÉ VOËLTJIE VLIEG FLAP-FLAP

**Jaco Visser**

*Die Reënvoëltjie wat melk kon maak*
Teks, regie en choreografie:
Esther von Waltsleben
Met Xolisa Masimini, Lwandile Noludwe, Viwe Luphondo, Nomvuza Mahlikihia, Sandwiswa Phubaso, Anele Nombewu, Batabile Kontyo, Siphokazi Noludwe, Babalo Ndithimi en Odwa Nomavuka
In die Erfurthuis.

FABELS en mites het met die opkoms van taal, knap ná die Groot Knal, hulle ontstaan gehad. Dit vang die vreugdes en vrese van mense vas. Dis 'n spieël vir die geestestoestand van 'n bepaalde kultuur. Geskiedkundig belangrike gebeure asook onverklaarbaarhede word só tussen generasies oorgelewer.

*Reënvoëltjie* is 'n *intsomi* (storie) uit die Xhosa-kultuurnes. 'n Towervoëltjie (Masimini) vernietig elke aand Masilo (Luphondo) se landerye. Masilo se familie staar hongerkry in die gesig. Die voëltjie word deur Masilo gevang en sy kinders veroorsaak groot konsternasie wanneer hulle uitvind dit kan heerlike melk maak. Die kinders beland in die donker bos waar 'n wrede kannibaal hulle die skrik op die lyf ja.

Op natuurvlak, faal die stuk om sy oproep tot omgewingsbewustheid tuis te bring. My empatie kan nié by die moedswillige voëltjie lê nie. Dit rus eerder by die lydende Masilo en sy vrou, Nothembi (Mahlikihia). Die einde is vir my voorspelbaar en die stat se inwoners regverdig die kinders se impulsiewe optrede.

Briljante en volwasse spel word gelewer deur Mahlikihia en Siphokazi Noludwe as Sakhesizwe se vrou. Hierdie twee jong aktrises is oortuigend en vertolk hul rolle met groot ywer en beheersing – nóg te veel nóg te min emosie. Boweals het 'n suiwer en nootvaste stem.

Dekor, beligting en kostuums word suinig aangewend, wat genadig op die oog is. Die aangename kleurryke tradisionele Xhosa-uitrustings asook die Reënvoëltjie-kostuum word deur die afwesigheid van 'n oordadige agtergrond beklemtoon.

Die regisseur het dit reggekry om 'n aanskoulike toneelstuk met goeie akteurs, ten spyte van 'n swak storie, op die planke te bring.



Die reënvoëltjie (Masimini) vermaak die kinders van die dorp. Foto: **Stellenbosch Museum**

## Verkeer *vloei* soos geoliede enjin

**Jaco Visser**

*Verkeer*
Teks: Saartjie Botha
Regie: Jaco Bruwer
Met Grant Swanby, Neels van Jaarsveld, Lorraine Burger en Mdu Kweyama
In die H.B. Thom-teater.

MULTIMEDIA is dié hedendaagse foefie. Foefies grief my. Maar *Verkeer* laat my besin oor die effektiewe aanwending daarvan. Akteurs moet sonder die gebruik van dekor, musiek of kostuums 'n gehoor se aandag kan gryp en hou. Akteurs moet kaalgat op die verhoog 'n storie kan vertel.

Dít is dan wat *Verkeer* doen. Menslike en interpersoonlike verkeer word geslaagd teen die agtergrond van spitsverkeer ontbloot. Die dekor, wat oënskynlike ingewikkelde ingenieursstellasies insluit, en die skermprojektor teen 'n wit doek op die agtergrond, is knap gedoen.

Braam du Toit is meesterlik behendig met die musiek wat deurlopend 'n gepaste atmosfeer handhaaf. Ligte en industriële klanke ondersteun die tema.

Die storie sleep jou saam op 'n reis van interpersoonlike botsings. Dit lig ook die ewige klassestryd tussen ryk en arm asook wit en swart uit. Die gepaardgaande gevoel van magteloosheid wat normaalweg in woede en emosie gemanifesteer word, word *en face* deur Kweyama ontsluit.

Van Jaarsveld, 'n padwoedende motoris, is die ster. Sy eerlike en emosionele spel breek die *eishige* stigma wat hy karwei. Enige motoris sal eensklaps met sy karakter se houding jeens mede-padverbruikers identifiseer. Hy versinnebeeld deursnee Afrikanermans wat gelaai is met *issues*. O ja, en net sissies *deal* daarmee.

Burger, eggenoot van die kwaai motoris, se vertelling van die bestuurskool-tannie het my amper skande laat maak. Sy is 'n ervare aktrise en beheers haar karakter. Die Afrikanervrou was lanklaas só gedienstig én vol opgekropte agressie.

Swanby speel 'n eksentrieke Engelse motoris. Sy perfeksionisme en professionaliteit is 'n teelaarde vir allerhande gedragsafwykings. Dis amper te erg, tog komies.

Kweyama vertolk 'n oppurtunistiese township *guy* onderweg na 'n werksonderhoud. Sy rou emosie, veral teenoor sy stand in die samelewing, is oortuigend. Hy is kwaad vir baie goed en sink weg in materialistiese drome.

Die karakters se paaie kruis wanneer 'n snelwegongeluk hulle gejaagdheid tot stilstand ruk. Die interaksie en vloeiende dialoog is briljant. Van Jaarsveld se rou taalgebruik is oordoeltreffend en ek het dit waardeer. Emosie moet emosievol op die verhoog uitgedruk word. Mooi, suiwer woordjies moet vermy word wanneer 'n karakter "bedônnerd" is.

Die regisseur slaag om met 'n besige stel steeds die storie ondubbelsinnig te vertel. Dit ís een van die mees afgeronde stukke wat ek tot nog toe gesien het. Invalle en lagpouses is fnuikloos.

## Asters red flou komedie

**Retha Grobbelaar**

*Ysterasters*
Regie: Juanita Swanepoel
Teks & Vertaling: Martelize Kolver & Petro van den Heever
Met Nina Swart, Elsabé Daneel, Petro van den Heever, Ilse Schmidt, Martelise Kolver en Hilda van Lill.
In die HB Thom Teater.

Ysterasters vertel die verhaal van ses vroue wat hul dae omskinder in Phillipolis in die Vrystaat se haarsalon.

Die komedie is 'n verwerking van Robert Harling se Steel Magnolias, wat as rolprent met Julia Roberts en Shirley Maclaine in die rolverdeling groot aanhang gehad het.Ysterasters speel in een ruimte - die haarsalon - af. Die verhaal begin met Trudie Janse van Vuuren (Petro van den Heever) wat 'n nuwe assistent, Anelle du Toit (Nina Swart) aanstel. Die gehoor word stelselmatig aan die ander hoofkarakters voorgestel soos hulle die skoonheidsalon binnetree vir hul daaglikse behandeling (en skindersessie).

Klaradyn Bekker (Elsabé Daneel) is 'n snobbistiese weduwee wat haar neus in die hele dorp se sake steek. Danielle Ellis-le Roux (Hilda van Lill) is weer 'n bedorwe brokkie wat op trou staan. Evelyn Ellis (Ilse Schimdt) is haar ma wat steeds haar dogter se lewe wil beheer. Louisa Tredoux (Martelize Kolver) is die dorp se swartgallige sinis wat vir die "afelope 40 jaar al in 'n slegte bui is".

Die vertolking deur die akteurs red dié voorspelbare produksie. Swart is geloofwaardig as 'n eers senuagtige nuweling met 'n geraamte in die kas wat 'n gedaanteverwisseling ondergaan en verander in 'n wedergebore Christen.

Van den Heever as die nuuskierige haarkapster wat ook as sielkundige teenoor haar klante optree, is skerp in haar komiese tydsberekening.

Met haar droë sarkasme steel Kolver egter die kollig en verskaf meeste van die humor. Hoewel Daneel 'n oppervlakkige skinderbek speel, vertolk sy dié rol met oortuiging.

Ysterasters is egter nie 'n geslaagde komedie nie. Dit volg die resep van soveel sentimentele Hollywoodlokkettreffers wat oor groepe vroue handel. Eers probeer dit jou laat lag en dan bring die produksie 'n struk tragedie in wat jou na jou sakdoek moet laat gryp.

Die teks is ook heeltemal te lank en hoewel die dialoog soms skerp is, raak dit flou en afgesaag. Ysterasters word wel deur goeie toneelspel gered.

## Mure *stille* getuie in Swanepoel komedie

**Cherice Smith**

*As mure kon praat*
Teks: Pierre Barillet en Jean-Pierre Grédy
Vertaling: Rita Elferink
Regie: Juanita Swanepoel
Met Nicole Holm, en Johann Nel
In die Klein Libertas Teater.

Hierdie toneelstuk handel oor een woonstel en vier verskillende fases en gebeure van verskillende mense se lewens, binne dié vier mure. Die akteurs vertolk elk verskillende karakters, binne vier tonele.

Die eerste toneel vertel die storie van 'n paartjie wat na 'n 25 jaar-huwelik gaan skei en besig is om die woonstel te ontruim. Die paartjie kyk terug op gelukkiger tye binne dié vier mure.

In die tweede toneel kyk 'n verloofde paartjie na die woonstel, om dit moontlik te koop. Die man is veel ouer as sy verloofde en wanneer hy en haar ma alleen gesels, besef hulle tot die besf-fing dat hy dalk die jong meisie se pa kan wees – 'n geheim wat definitief binne dié vier mure moet bly.

Die derde toneel gaan oor 'n welgestelde jong vrou wat nuut in die woonstel gaan intrek. Sy het 'n rusie met haar minnaar, oor haar snobistiese maniere, maak haar hart oop aan die verwer, wat 'n vriendelike oor verleen en siedaar, beland saam met hom in die bed.

In die laaste toneel is dit Kerstyd en 'n ryk weduwee wag vir haar geliefde van Kanada. Hy daag op, hulle baklei oor die feit dat hulle haar man vermoor het en sy spandeer Kersfees vreeslik ongelukkig.

Dit is 'n komedie wat deurlopend die tema van verhoudings en geheime binne die woonstel dra, met stellings soos, "Moet liewer nie te veel vra oor wat in 'n flat voor jou gebeur nie. Hierdie mure kan nie praat nie." Elke toneel begin en eindig met musiek; die toneelstuk begin en eindig ook met 'n gemeubileerde stel en minimale dékor in tonele twee en drie.

Swanepoel het haar uitstekend van haar taak gekwyt wat die regie aanbetref. Van die gebruik van kostuums en rekwisiete tot die manier hoe sy die komiese elemente deurgevoer het, sonder om dit te oordrewe te maak. Die akteurs was uitstekend en het in elke toneel ander karakterature gehad, verskillend van die rol wat hulle in die vorige toneel vertolk het.

Dit was in die geheel n genotvolle komedie. Die eerste twee tonele was beter as tonele drie en vier en die laaste toneel was 'n bietjie uitgerek.

# BATTLE NARCISSUS

## Onwards, to the heart of the South African loser!

Both Frank Opperman in *Meneer De Beer* and Leon Kruger in *Suurgat* cast themselves as the average Afrikaner, albeit very different Afrikaners on very different streets. **Dewald van Rensburg** pits them against each other in a battle for stage supremacy.

*Suurgat*
Written & performed by Leon Kruger

*Meneer De Beer*
Direction: Neels van Jaarsveld
With Frank Opperman

"Tragedy is if I cut my finger, comedy is if I fall down an open sewer and die."

Mel Brooks said that and he is dead right.

Bad things happening to other people is a staple of funny men everywhere. However, when one enters the arena of fictitious monologues, the 'a-day-in-the-life-of' fare presented by both Opperman and Kruger, the trick is not so much telling jokes as *being* the joke.

Being tragically against the grain and at odds with the world – that's where you get your laughs.

That begs the question: who succeeds in being the bigger *schmuck*? Who is more out of touch, un-PC and tragically flawed? To whom do the worst bad things happen?

> 'The critic's concern is this: who succeeds in being the bigger schmuck?'

### Xenophobia and the past

The present ranks high on the list of Opperman's Mr De Beer.

He is a schoolteacher from the rural heartland due for retirement who fondly remembers *Jeugweerbaarheid*, cadets and the *grens*.

This timid dinosaur scores high points on xenophobia by rolling his eyes or sighing at every African surname, which is generally good for giggles.

His name is Basjan, but he goes by Jan for fear that it will be mistaken for "*baas* Jan" and grudgingly recalls his shameful silence when a colleague beat a black custodian.

His "*ag* shame" anachronistic charm puts him in a comfortable schmuck lead over Leon Kruger's contemporary *oke* from Cape Town's northern suburbs.

The only racial tension he has experienced is an intimidating encounter with a Congolese immigrant, although he does complain about coloured people's innate ability to dance.

**Verdict: The *onnie* wins this one.**

### Women and whining

Easy misogyny-points are scored by both contenders.

De Beer recounts a fateful encounter with a "fat girl fullback" on an opposing rugby team when he was in 5th grade. His wife is worth her weight in gold, making him a "millionaire" and he riles against netball, saying "*net bal,* no brains".

"Fortunately" Kruger too takes a cheap shot at netball and redeems himself with a fabulouslyirreverent line ("I will tune you like a shower tap…"). Women are the angels of Satan, he says – levelling the chauvinism somewhat.

Moving on to histrionics, we find a better contest. Where Kruger whines indefatigably, the competition opts for a subtler tactic: Opperman favours shrieks to groans.

Kruger convinces as the kind of man who, when greeted with a perfunctory "How do you do?" answers with "I'm having a *kak* day and here's why…"

He kicks off his monologue with much wailing and gnashing of teeth on account of running out of toilet paper while Opperman alternates between bittersweet melancholy and his *hardebaard* schoolteacher persona. One feels no sympathy for crybaby Kruger while De Beer drips with vulnerability – making him once again the leading loser.

**Verdict: Close, but subtlety does count if you want your complaints heard. De Beer takes it.**

### Small town or small thinking?


Where Opperman again triumphs is through sheer parochialism. He has the *eng plattelander* down to a tee, from his absolute dearth of fashion sense through to the PW-stare he levels at his imaginary hall of pre-teens. Clover spelt backwards is Revolc, "Russian for Satan", he says. His plaintive prayers beg God to aid the under-13's rugby team and De Beer's greatest frustration is his inability to ascend to headmastership of the small school where he has given physical education for 25 years.

Kruger, on the other hand, affects a Seinfeld-ish obsession with the quotidian and while he is an equally small man, he is not from a small town. Granted, his boyish lack of sophistication and urban setting allow him a few jabs at his female psychologist, the creepily camp shop attendant and a *zef* stripping coach; but it all seems a little contrived.


**Verdict: No contest, Opperman's authentic pettiness trumps all.**

### The final tally

We cannot but admit a crushing defeat for Kruger's skit. Much of *Suurgat*'s failings stem from Kruger's character: himself. Granted, he presents himself as an all-South African loser, but one is more inclined to kick him in the teeth than glow with that 'oh so true' familiarity. Opperman is every bit as politically incorrect and assailed by modern sensibilities as his brassy young challenge, but he manages to fight the bad fights with charm and conviction. That is all anyone can ask for in a *schmuck*.



**MOEG GEPRAAT:** so lyk Leon Kruger in *Suurgat*.




**FRANK OPPERMAN** speel in *Meneer De Beer.*

# *Briewe* ontbloot die psige van 'n vrou

**Jeanri-Tine van Zyl**

*Briewe aan 'n Rooi Dak*
Teks: Harry Kalmer
Voordrag: Trix Pienaar
In die Ouditorium.

Die tipe gehoor wat gelok word deur 'n produksie, is gewoonlik 'n aanduiding van die inhoud daarvan. Nie soseer die hoeveelheid nie, maar die soort mense wat inskuifel in die sitplekke. Dié produksie is grotendeels bygewoon deur ouer vroue met grys kapsels. Wat sekerlik reg is, want Briewe aan 'n Rooi Dak handel oor 'n 73-jarige weduwee. Die produksie spreek egter nie net tot 'n groep met grys kapsels nie. Dit is vir almal wat die psige van 'n vrou wil verstaan en vir dié vroue wat verstaan wil word.

Die produksie handel oor die weduwee Magdaleen Otto, gespeel deur Trix Pienaar, wat in haar eensaamheid briewe skryf aan haar rooi dak. Die openingsin van die produksie, "Liewe dat ek skryf aan jou omdat ek niemand anders het om aan te skryf nie," lei die gehoor in die bitter-soet lewensverhaal van Magdaleen in. Dit is egter nie net 'n lewensreis nie, want die briewe vertel ook van die pyn wat 'n onvervulde eerste liefde bring en die wroeging om 'n huwelik met 'n ontroue, onbetrokke lewensmaat te laat werk. Dit vertel van drome en die "Vashou aan dit wat goed was, al het dit nooit gebeur nie". Deur die skryf van die briewe verwoord sy haar emosies en deur die loop van dié handeling bereik Magdaleen 'n punt van bevryding as sy vrede maak met die verlede. Magdaleen voel uitgelewer en sy stoei met die konstante vrees om 'n slagoffer van geweld te word in Johannesburg. Dié temas maak Briewe aan 'n Rooi Dak 'n reis wat elkeen kan onderneem. Direk of indirek, is Magdaleen Otto se verhaal 'n verhaal waarmee elke vrou kan assosieer. Die snikke vanuit die gehoor getuig daarvan.

Rachelle Greeff, skrywer, wat ook die produksie bygewoon het, het daarna gesê dat daar nog nie genoeg mense in die land is wat dié stuk gesien het nie. "Magdaleen is jou ma, dit is jy…" Briewe aan 'n Rooi Dak is nou ook in boekformaat beskikbaar, waarin die briewe individueel in koeverte aangebied word, wat dit 'n uiters persoonlike gevoel gee.

Briewe aan 'n Rooi Dak het die Anglo-Gold Smeltkroes-prys vir beste nuutgeskrewe teks in 2001 verwerf.

# A flight of fancy

**Tebogo Monama**

*Bird's Eye View*
Director: Rob Murray
With Porteus Xandau and Keenan Arrison

Bird's Eye View follows two weaver birds, Chip and Spike, on their journey from the Kruger National Park to Cape Town in search of for food for their community. In their journey they discover the true meaning of friendship and working together.

Spike likes to give off the impression that he is street wise and Chip is a warm hearted bird. He looks up to Spike because he is more experienced and is not a virgin anymore. The drama explores important issues in a comical way. They say global warming is a result of human unkindness. The drama forces one to consider how humans interact with other beings on earth.

The bird's journey to Cape Town is interesting because neither bird's have never flown that far from home before. They knew they have reached Cape Town when they saw a mountain burning.

In Cape Town they are exposed to government corruption and what they call P.E.E (Pigeon Economic Embezzlement). The birds also meet a gang member called Bird's Flu. They learn that in order for them to save their community they have to learn to 'Adapt or Die'.

The story is told through comedy and physicality. It is a two man show and Porteus Xandau and Keenan Arrison performances were amazing.

It is amazing how Xandau and Arrison can change from one character to another with so much ease. The show was amazing because they were able to engage their audience. At one point they came down to where the audience where sitting to 'look for dead birds'.

The show was original created in 2005 and won the AFDA Best Production Award. It was disappointing that the turn out for the show was low but everyone who was there had a great time.

# SA needs a *Moegoeman*



**Edward-John Bottomley**

*Moegoeman en die Afrikane*
With Floyed de Vaal, Stephanie Hough and Bongile Mantsai
In the Klein Libertas Teater.

Moegoeman is South Africa's top-rated secret agent. More powerful, according to some, than Chuck Norris and cooler than Charlie's Angels. He is the ultimate product of decades of secret government research into creating the perfect killing machine…

Moegoeman, played slightly woodenly by Vuyo Mgijima, is sent by his superior, Marina "Military" Masepo (Stephanie Haugh), on a deadly mission to assassinate Robert Mugabe. Yet things keep on turning out for the worst and there seems to be a traitor in the South African government.

Written and directed by Garen Hauptfleisch, *Moegoeman* takes a light-hearted look at the clichés of spy movies and pokes fun at more than a few contemporary political figures. The term "Afrikaan" is analyzed and the play questions the validy thereof in modern society. What does it mean to be an Afrikaan? At the end of the play, no-one really knows, but no-one really cares either. They're having too much fun. Frieda van den Heever and Floyed de Waal assist Moegoeman on his top-secret misson and, along with Haugh, give shape to all the other characters in the play, as well as delivering "impersonations" of security doors.

Floyed gives a great impression of Corné and Twakkie Afrikaans providing such gems as "I will moer you till you're dead".

The simple beauty of *Moegoeman* is in its fluidity. Dialogue jumps between characters and scenes are continuously re-arranged. The story moves at a blistering pace. The play is light and fluffy with minimal setwork.

*Moegoeman* is not a great play. It's not meant to be either. Its purpose was to provide a highly entertaining hour and much, much laughter. It succeeded admirably.



**BOEREWORS AND BRAAIVLEIS:** Moegoeman (Mantsai) enjoys a break. Photo: **Daphney Molewa**



**ALMAL WAS DAAR:** Dr. Dorothea van Zyl spreek die gehoor toe by die borgfunksie van die Woordfees 2006. Die kunsuitstalling van Irma Stern se werk is ook geopen.
Foto: **Naomi Kranhold**

# Hoeveel feeste is genoeg?

## Is daar plek vir nog 'n kunstefees in Suid-Afrika? En indien wel, waar moet hy gehou word? Dalk op Stellenbosch? Dié vrae is tydens die Woordfees gevra en gedebatteer.

JEANRI-TINE VAN ZYL

Diskoers: *Nóg 'n fees?*
Met Saartjie Botha, Martie Meiring, Mike van Graan en Riël Meynhardt op die paneel.
Gespreksleier: Dr Dorothea van Zyl

Kunstefeeste is vinnig en gemaklik. Jy kan eet, musiek luister, kuns besigtig, produksies bywoon en dronk word, alles in een dag.

> "Kunstefeeste is vinnig en gemaklik."

So het Van Graan van die Kuns en Kultuurtrust, die debat afgeskop. Hy stel voor dat 'n multikulturele nasionale fees ontwikkel moet word waar slegs die beste teaterproduksies van die beste skrywers aangebied word.

Volgens hom kan daar vyf tot ses internasionale produksies by so 'n fees geïnkorporeer kan word. Dit moet slegs sowat 25 produksies aanbied om eksklusiwiteit te verseker en aansien te bevorder.

Sy mening was dat alhoewel die fees kan roteer, Stellenbosch wel 'n fees van dié kaliber sal kan huisves.

Volgens Van Graan het Stellenbosch die nodige fasiliteite en lokale, asook gesofistikeerde gehore. Die nabygeleë Kaapstad se internasionale trekkrag sal ook verseker dat toeriste na die fees sal stroom.

Meiring, 'n joernalis, het in reaksie daarop verwys na kunstefeeste as 'n "moderne nagmaal" en 'n unieke verskoopspunt. Sy het daarop gewys dat kunstefeeste duur is en die "koek (van borgskapgeld) nie groter gaan word nie".

Huisvesting en die beskikbaarheid van lokale kan moontlike probleme vir so 'n fees meebring. Sy het egter saamgestem dat 'n nasionale fees wel op Stellenbosch gehou sou kon word, omdat Stellenbosch reeds "net een groot fees is". Meiring het egter benadruk dat so 'n fees kopkrap en baie werk sal kos.

> "Daar is reeds oorgenoeg kunstefeeste in Suid-Afrika..."

Daar is ruimte vir 'n fees wat nie taal-spesifiek is nie, maar Stellenbosch sal nie so 'n fees kan akkommodeer nie. Dit was Botha, die organiseerder van die dramaprogram by die Woordfees, se argument.

Volgens Botha beskik Stellenbosch nie oor die ruimte om teaterproduksies te ondersteun nie. Swak teaters is die rede waarom kunstenaars produksies vereenvoudig, het sy aangevoer.

Sy beskou Bloemfontein, met sy topklas-teaters, as moontlik die beste plek om 'n nasionale fees te hou. Bloemfontein het egter reeds die Volksblad Kunstefees wat in Junie/Julie elke jaar daar plaasvind.

Meynhardt het vanuit sy posisie as voorsitter van Stellenbosch Toerisme die praktiese aspekte van 'n nasionale fees in Stellenbosch besin.

Stellenbosch beskik oor 4 000 beddens wat in seisoen 70% tot 95% vol is. Dit sal dus baie moeilik wees om feesgangers in dié tydperk te akkommodeer. Somer is ook 'n moeilike seisoen om 'n fees suksesvol aan te pak, omdat dit sal meeding met die natuurskoon. Mooiweer sal mense na strande, eerder as teaters, lok.

In die winter, daarenteen, is Stellenbosch betreklik stil. Volgens Meynhardt sou dit die beste seisoen wees om nog 'n fees in Stellenbosch te hou wat multidimensioneel en multikultureel is.

Volgens Botha word die idee vir nog 'n fees lank reeds bespreek. Daar is reeds oorgenoeg kunstefeeste in Suid-Afrika, selfs meer as wat jou deursnit feesganger sou kon bywoon. Om nog 'n fees in Suid-Afrika te stig sal geld kos wat eerder gebruik kan word om bestaande feeste verder te ontwikkel.

# DAVID KRAMER en sy *Karoo Kitaar*



**DAVID KRAMER** gesels met ***LIP***. Foto: **Craig McKune**

**Die man met die swart hoed, dagpak, das en kenmerkende rooi velskoene. Lara Atson het David Kramer se nuutste produksie saam met die blues-musikante van die Karoo en Namakwaland bygewoon en Cherice Smith het na die tyd met dié musiekikon gesels.**

David Kramer het weer eens bewys dat 'n mens nie enige formele musiekopleiding moet het om te kan musiek maak nie. Hy het die musikante van so ver as die Karoo en Namakwaland gewerf om hierdie karaktervolle aand 'n sukses te maak.

Hannes Coetzee was ná Kramer eerste aan die beurt. Sy "*Optel en knyp*", op sy ramtiki (drie-string blikviool), het groot aanklank by die gehoor gevind. Die gehoor het hulself verkneukel in Coetzee se alles behalwe vervelige danspassies. "Oom Hannes" se lepel-en-kitaarspel het die gehoor verder betower. Dit het vereis dat hy 'n teelepel in sy mond vasknyp terwyl hy kitaar speel en die melodie met die teelepel hou.

Vir Helena Nuwegeld was dié vertoning 'n baie emosionele een. Sy het geweier om Koos Lof (haar broer) se naam in een van haar liedjies te noem. Lof was voorheen deel van die groep, maar is onlangs oorlede. Hoewel Siena Mouers, Nuwegeld se suster, haar hand beseer het, het sy ook 'n groot bydrae tot die sukses van die aand gelewer.

Die kitare op die verhoog se snare is gedurig verstel. Kramer moes die gehoor maan om maar geduldig te wees. "Ek weet nie wat hulle gedoen het terwyl hulle die snare moes verstel nie". Dié mense doen dinge op onkonvensionele maniere.

Dawid van Rooi het die gehoor laat skater met sy sêgoed. Dié oom, van Op Die Berg, is 'n nuwe lid van die groep. Hy het sommer met die intrapslag laat hoor dat hy 'n jong bokkie soek om saam huis toe te vat. "Nee, hulle het almal ou boude daar in die Kouebokkeveld". Hy het die gehoor vermaak met sy vioolspel. Die mense was gaande oor sy liedjie "Moenie my kielie nie (want ek is kielierig)".

David Kramer en Afrikaanse musiek kom al 'n lang pad. Kramer se liedjies het meestal gefokus op die Karoo en sy mense. Die ouer garde was egter die sterre van die aand. Hulle is soos ou hande op die verhoog en om te vermaak is soos tweede natuur. Dié mense kom van die mees afgeleë dele van die land en laat hul merk in die harte van vele. Hulle neem die luisteraar op 'n magiese reis deur dié gebiede met hul musiek.

David Kramer sê dat die idee van die Karoo Kitaar Blues al 'n lang pad kom, hoewel dit moeilik is om presies te sê waar dit begin het. Hy het nog altyd 'n belang gestel in die Karoo en Namakwaland se musiek, asook ou Afrikaanse liedjies.

Op universiteit het Kramer baie belang gestel in die Amerikaanse blues en het baie boeke daaroor gelees. "Die Lowmax-familie reise het 80 jaar gelede al reise in die Mississippi Delta onderneem en opnames van die eerste blues musikante gemaak. Ek was baie beïndruk daarmee en ek het begin dink aan Suid-Afrika en of daar so iets hier gebeur."

Vyf jaar gelede het 'n dokumentêre filmmaker, Jan Horn, Kramer genader om die aanbieder van 'n KykNet-reeks, Langpad, te wees. "Deel daarvan was die idee om die kitaarspelers van Suid-Afrika te op te spoor en te ondervra," vertel Kramer terwyl hy rustig agteroor sit. Kramer het baie met Horn gereis op soek na dié mense en dit is hoe hy hulle ontmoet het. "Ek was aangenaam verras om te vind dat baie van dié mense nog lewe en dat van die ou liedjies nog gespeel word op klein dorpies en plase."

Kramer het daarna sy eie dokumentêre program, Karoo Kitaar Blues, gemaak. "Dit was 'n ondersoek wat ek self gedoen het, om dié mense op te spoor, veral drie-snaar vioolspelers en blik-vioolspelers van die Sederberge."

Kramer voel dat die produksie suksesvol was, maar dat dit nie die enigste rede is waarom hy dit aangepak het nie. "Ek is nie 'n man wat dink oor wat suksesvol gaan wees nie," sê hy half fronsend.

Hy gaan verder en vertel dat die liedjies, tema en onderwerpe van dié musiek iets is waarin hy baie belangstel en wat na aan sy hart is. "Ek is net bly dat dit nou byval by ander mense gevind het en dat hulle dit net so interessant vind."

Karoo Kitaar Blues het in 2001 by die KKNK sy debuut gemaak en daarna 'n landwye toer onderneem, onder meer na die Kaap, Stellenbosch, Bloemfontein en Port Elizabeth. Dit is die eerste keer in twee jaar dat Kramer dié produksie weer aanpak.

Volgens hom is dit moeilik om dié tipe musiek aan te bied. "Die mense bly so ver uit mekaar dat dit moeilik is en baie moeite verg om hulle hierheen te bring." Hy voeg by dat hy op sy eie repeteer, want elke musikant speel op sy eie manier.

Kramer sê dat elke aand 'n uitdaging en verskillend van die vorige aand is. "Die musikante is nie so gedissiplineer in die kunste soos ons nie en hulle is nie gewoond daaraan om op die verhoog te wees met beligting, klank en toerusting nie."

Hy glimlag breed en sê dat hulle soms vergeet van "sekere draadjies aan die kitaar," en dat daar altyd onderbrekings is. Dit is egter minimaal en gewoonlik verloop alles vlot. "Ek moet sê, elke kunstenaar is só uniek en baie karaktervol; 'n mens weet nooit wat hulle op die aand sal maak nie."

Sy soektog na musikante eindig nie hier nie. Hy beoog om verder in die Karoo en Namakwaland mense te probeer opspoor, ten einde meer ondersoek in te stel na dié ou musiek. Kramer en Taliep Petersen gaan 'n landwye toer van hul musiekblyspel, Ghoema, onderneem. "Dit is nou waarop ek myself oor die volgende paar maande sal toespits."

# Walvisstories *en nog meer...*

**Tebogo Monama**

*Walvisstories en nog meer* tells whale tales through music in a series of four compositions featuring Marietjie Pauw on the flute, Anmari van der Westhuizen on the cello and Maria Sperling on the piano.

A voice-over by the relevant composer introduced each of the four sections, explaining the piece to the audience.

The first composition, scored by Andile Khumalo, was titled *ISO[R]*, referring to the Greek for 'something that is repeated' as well as the isiZulu 'iso', meaning 'eyes'. It was performed with the cello, flute and piano.

The flute was especially accomplished with Pauw seeming to sing through her instrument.

The second composition, by Jeanne Zaidel-Rudolph, was titled *The fugue that flew away* and featured only the flute and piano. It was divided into two sections, starting with an introduction and then introducing the subject with the piano. It started very slowly, but was a bit more energetic and lively towards the end.

The highlight of the show was the *Cadenza*, composed by Hendrik Hofmeyr. It was a solo performance by Van der Westhuizen, whose performance was amazing.

The last composition was a piece by George Crumb titled *Vox Balaenae (Voice of the Whale)* for which the three musicians went barefoot and wore black half-masks. The masks were supposed to symbolise the 'powerful impersonal forces of nature'. It was a dark and haunting performance.

The show ended very suddenly, surprising the audience.

Overall, the music was dark with Van der Westhuizen's amazing cello playing standing out as a shining light in an otherwise slow and haunting concert.

# Chris Chameleon verwonder met **Kantelson**

**Jan Gerber**

Sondagaand 12 Maart het Chris Chameleon weer gewys dat hy die "rantsoen lof" verdien wat hy met sy toonsettings van Ingrid Jonker se werk gekry het.

Die vertoning *Kantelson*, ook die naam van Ingrid Jonker se laaste digbundel, het 'n volgepakte Oude Libertas Amfiteater verseker. Sommige mense moes met die amfiteater se grasperk tevrede wees. Hulle kon ongelukkig nie die vertoning sien nie, maar die klank het wel hul ore bereik, en as mens na die reaksies gekyk het, waarskynlik ook hul wese.

Chameleon het net sy stem en akoestiese kitaar nodig om die gehoor te verwonder met Jonker se gedigte. Van falsetto's tot die láágste basnote word ingespan om luisteraars saam te neem deur die lig en donker van Jonker se psige. Hy gebruik ook sy stem vir allerlei eienaardighede om die liedjies verby die alledaagse te neem.

Gedigte soos *Lied van die Lappop* en *Bitterbessie Dagbreek* is sensitief aangebied. Ander, soos *Jy't my gekierang* en *Korreltjie Sand,* is meer opgewek en energiek opgevoer. Laasgenoemde was veral treffend. Dit is een van Jonker se morbiedste gedigte. Die opgewekte vertolking verhoog die spanning tussen die vrolike klanke en ritme van die gedig se woorde teenoor die somberheid van die tema. Hy het ook 'n Nederlandse weergawe van *Ontvlugting* gesing.

Chameleon het laat val dat hy binnekort in 'n sepie gaan verskyn en 'n gepaardgaande album gaan uitbring. Hy het ook een van hierdie liedjies gesing.

Die vertoning is afgesluit met liedjies, soos *Oo Aa*, van Chameleon se vorige groep, BOO!. Weereens het Chameleon verstom met sy stemgebruik.

Met *Kantelson* bewys Chris Chameleon dat hy 'n geniale kunstenaar is. Sy vertolkings is met passie gelewer sonder om oordrewe of amateuragtig voor te kom. Sy stem en kitaarspel is deurgaans onverbeterlik.

Hierdie resensie kan nie naastenby aan die vertoning reg laat geskied nie.


GERALD CLARK, vocalist of Delta Blues. Photo: Craig McKune

# PAARTIE INNIE PARK

**Edward-John Bottomley**

A scant 300 people turned up for the 2006 Paartie innie Park, but those 'Paartie faithfuls' witnessed a concert distinguished by tight sets, high energy and all-round good music.

Starting in the early evening, artists including Valiant Swart, Bed on Bricks and Abel Kraamsaal performed for the picnicking crowd.

The Dutch band, Gerrit van Maasakkers en de Vaste Mannen, began the evening with a jazzy, lyrical set. Their setup consists of, among others, keyboards, accordion and double bass, and the band used these to create a wonderful mix of jazz and subdued, laid-back rock.

Gerrit's voice reminds one of Stef Bos and his look mirrors that of Michael Stipe, lead singer of R.E.M, but unfortunately his musical style was out of place in the Park, and the band would have done better in a more intimate venue.

As twilight settled and the stage lights came on, Abel Kraamsaal followed with his husky, harsh voice and edgy lyrics. Great guitar work and an especially good bassist contributed to a technically great show, but Kraamsaal lacks originality in his sound, leaving his lyrics lost in overplayed chords.

Delta Blue began as night fell. The Stellenbosch group continued their great work as South Africa's foremost blues band. The music was inventive and catchy and their set highly professional. In short, their performance was everything that local audiences have come to expect from them.

Both the gypsy-inspired Zamar and folk hero Valiant Swart played with their usual verve. Zamar injected enthusiasm into a subdued crowd and Valiant did what he does best, bringing renewed energy to the evening. He introduced a new song from his forthcoming album – a refreshing tune harking back to pre-*Song vir Katryn* days. If only both bands could keep coming back with something fresh, rather than relying on tried-and-tested music.

The best shows, however, were saved for last. As midnight fell across the stage both Bed on Bricks and Rooibaardt brought their incendiary music and insane energy to the drunk and sleepy crowd. Bed on Bricks was polished, professional and tight, managing to get the crowd on their feet with contagious beats and goofy cheerfulness.

Rooibaardt benefited with the inclusion of an electric guitar to their already eclectic range of instruments. The guitar didn't dominate, instead acting in a supporting role, but definitely added a new edgy quality to their music that we never realized was lacking.

With the last chords fading away, and the lights of the stage dimming, the crowd relished the last moments of an excellent Paartie innie Park. Certainly one of the highlights of Woordfees, the only pity was that more people weren't there to enjoy the evening.

# Engelsman Rian Malan betower in Afrikaans

**René Vollgraaff**

Gert Vlok Nel sing dat Koos du Plessis "beautiful kon huil in Afrikaans." Ná Rian Malan se optrede in Dorpstraat Teater Café op 10 Maart sal die sowat 50 gehoorlede moontlik dieselfde oor Malan sê.

Dié "soutie wat Afrikaanse musiek probeer insypel" (soos Malan na homself verwys) kan dig, vloek en huil in Afrikaans soos min moedertaalsprekers hom dit kan nadoen.

Malan en sy kitaar is bygestaan deur Timon Wapenaar op viool, Mark Harris op kitaar, Roger Bashew op baskitaar en James Kaye op tromme. Wapenaar en Harris het ook agtergrondstemme verskaf.

Die vertoning het omtrent 20 minute laat begin nadat Kaye, wat twee dae tevore eers by Malan aangesluit het, iewers vasgeval het. Malan, in 'n swart mus en kortbroek, het met sy skynbare skaam houding en Engelse aksent verduidelik dat hul vorige tromspeler "verdwyn" het.

Die groep het met 'n paar liedjies wat Malan vir die Radio Kalahari Orkes geskryf het, afgeskop. Malan het ook twee verwerkings van Dawie de Lange en die Naglopers, glo 'n boeremusiek-orkes uit die 1930's, gespeel.

Afrikaans is lanklaas met soveel passie benader. *Trekboer* en *Alien Inboorling* sou enige uitgewekene in Kanada of by 'n Ukkasie-fees tot trane dryf, terwyl die fiktiewe Koos Durandt se heldedade in *Die held* selfs die Engelse fotograaf laat giggel het.

Wapenaar se viool en Kaye se vernuf op sy drie-stuktromstel het vir musiek gesorg wat reg laat geskied aan Malan se lirieke, hoewel die Engelssprekende Kaye ná die vertoning erken het dat hy glad nie verstaan wat Malan sing nie.

Na die encore het Malan van die verhoog geklim en saggies vir die naaste lid in die gehoor gevra of sy "dink die show was darem orraait". Haar reaksie was stamelend, skielik onseker oor hoe om te antwoord na só 'n ode aan Afrikaans.


RIAN MALAN in Dorpstraat Teater Café. Foto: Craig McKune

# Neelsiefees vermaak gratis met groot name

*Amps* en alkohol het gedurende die Woordfees voorkeur geniet bo die Neelsie se gewone big screen en burger specials.

## Crowd wild for Prime Circle, not Ready for D

**Elizabeth Atmore**

On the Thursday night of the Woordfees, DJ Ready D and rock group Prime Circle took to the Neelsiefees stage.

Ready D had to contend with a largely seated crowd that, for most of the set, stared blankly at him. It wasn't until he "pulled out the tricks", which included dee-jaying with his nose, elbows and knees, that the crowd got going, encouraging him to continue with his 'DJ acrobatics'.

While there were a few vocal supporters, it seemed that the majority of the crowd was not familiar with Ready D's work. By mixing the lyrics of a few well-known songs into his performance, Ready managed to get the audience to respond, but even then they remained seated.

Speaking to him after the concert, it was clear that the audience was not what he expected.

"The show tonight was very difficult for me – I was really sweating out there. I'm not used to people sitting down and staring at me. It was a challenge – I had to haul out a lot of things."

*** An excellent performance by one of the world's best DJ's, marred by an unresponsive crowd.**

Prime Circle followed Ready D, and the crowd response to their first song showed that this was the performance the Neelsie audience had been waiting for.

These current darlings of South African rock, recently voted 'Best Local Band' in a Johannesburg survey, have many tracks playlisted on local radio stations. The result was an audience enthusiastically singing along to the more well-known ones, including "*Hello*" and "*Let me grow*".

Although the crowd worked for the band, the venue didn't, and a soft lead microphone meant that the lyrics of the first few songs could barely be heard. There were also periods of bad sound quality when the volume of the performance went beyond the acoustic capabilities of the Neelsie.

The highlight of the show was the band's interaction with the audience, which was charged to the point that, at one stage, three ladies joined them on stage.

Spearheaded by lead vocalist Ross Learmonth, who leapt around the stage, Prime Circle provided a dynamic concert full of songs the crowd knew and wanted to hear.

*** A concert marked by well-known songs and an energetic performance by the band, but at some stages spoilt by poor sound and microphone quality**



**DIRK BOSHOFF** of Prime Circle shreds for the Neelsie. Photo: **Emmie de Villiers**

## Valiant, Zinkplaat rock saam

**Retha Grobbelaar**

Ek het tot onlangs nog nooit van Zinkplaat gehoor nie. En ek ken net een Valiant Swart song: "Sy dra te veel eyeshadow."

Maar ondanks van my onkunde het ek besluit om dié twee groepe in die Neelsie-gat te gaan kyk.Zinkplaat, die Stellenbosse band, was eerste aan die beurt.

Hulle het in 2003 ná die KKNK ontstaan en hul eerste album, *Karoo Poison,* het nie te lank daarna nie verskyn. Verlede jaar is hul tweede album, *Die miskruier gaan see toe*, versprei.

"Ek het definitief vanaand vir Zinkplaat kom kyk…die outjies is mos baie oulik," het Stefanie Malan, 'n toeskouer, gesê.

As 'n Zinkplaat-leek het die vier ouens se Afrikaanse rock my beïndruk, hoewel my asem nou nie weggeslaan is nie. Die groep het egter musikale talent. Basson Loubscher, die kitaarspeler, het veral uitgestaan.

Die liedjie "*Waar is Rian?"* se lirieke is oorspronklik en openbaar ook die groep se eg plaaslike wortels.

Zinkplaat sal dalk nooit superster-status bereik nie, maar dié vier ouens is duidelik deel van Stellenbosch-kultuur.


Valiant Swart het homself leer kitaar speel toe hy 11 was. Hy het reeds 11 CD's die lig laat sien.

Valiant het in 1996 sy eerste album, *Mystic Boer,* uitgereik en sedertien het hy ikon-status in die Afrikaanse musiekbedryf bereik.


Om sedert 1990 in die musiekbedryf te wees, beteken dat Swart al die kuns vermag het om sy gehoor te vermaak met sy mengsel van blues en ligte rock.

Op aanvraag van aanhangers het hy ou gunstelinge soos "*Roekeloos*" en "*Jakarandastrate*" gespeel.

Valiant werk nou aan 'n nuwe album wat in Mei bekend gestel word. Hy het 'n voorsmakie daarvan met 'n nuwe liedjie, "*Horisontaal*", gegee.



**ROCK CHICK** Karen Zoid wys haar vernuf op kitaar. Foto: **Craig McKune**



**Mr. Fat** lewer sy debuut in die Neelsie Studentesentrum. Foto: **Craig McKune**



**READY D** is bekend vir sy *scratching* Itegniek. Foto: **Emmie de Villiers**

# Zoid en BVK sorg vir gratis gelukkie

**Aldi Schoeman**

Karen Zoid en haar band se rock het die Neelsiegehoor met vars lirieke vermaak.

Zoid was die eerste kunstenaar om by vanjaar se Neelsiefees op te tree. Aanhangers en nuuskieriges het selfs stoele tot voor die verhoog gesleep om beter te kon sien.

Gunstelinge soos *Engel*, *Afrikaners is Plesierig* en *Small Room* het die studente laat saamsing. Tog kon die band nie daarin slaag om die gehoor te laat opstaan en saamdans nie.

Die meeste gehoorlede was natuurlik studente, wat tot op die derde vloer van dié studentesentrum oor die balkon geleun het om te sien wat die band onder in die gat doen.

Die konsert het 20 minute laat begin, wat verseker het dat die fees met 'n vol Neelsie kon begin.

Vir enige platsakstudent wat wil sién hoe sy of haar geliefde liedjies gebeur, was die Karen Zoid-konsert 'n lekker gelukkie.

*Slang* was ook op die Woordfees. Brasse vannie Kaap (BVK) se hip-hop en rap het die gehoor se sitvlakke wel van hul stoele af gekry. Sommige gehoorlede het selfs gedans.

Dié groep met sy Kaapse Vlakte-geur was die tweede *band* om Dinsdag in die Neelsie op te tree.

BVK is baie trots daarop dat hy 'n Afrikaanse groep is. Hip-hop, rap en Kaapse Vlakte-Afrikaans is hier 'n geslaagde mengsel.

Die liefde wat dié groep vir sy land en taal het, is inspirerend.

Hoofprater Mr. Fat het verduidelik dat hy so groot is omdat sy lyf vol liefde is vir die gehoor. Laasgenoemde is nie net met musiek nie, maar ook deur *beat boys* se gimnastiektoertjies en die *scratcher* vermaak.

Ná die laaste rapgeluide, het 'n *beat boy* nog ritme gehou deur op sy hand te hop. (Terwyl sy voete die *MC* in die oë gekyk het!)

Aanhangers, platsakstudente en nuuskieriges het almal welkom gevoel by dié gratis konsert.

# Boheem-ian vibes

**Amanda Tongha**

The five member girl band Zamar hits you like a bang with their instrumental gypsy-influenced music. With Anna Davel's voice as a powerful instrument thrown in, the Stellenbosch quintet simply mesmerized the audience during this one hour show.

They gave the audience a musical experience playing songs from different countries, although it was dominated by a European pavement café sound.

Davel's clear voice echoed through the walls of the nearly full Conservatorium, singing songs like *Gypsy in your eyes* from her 2002 SAMA nominated album of the same name.

Matching Davel's voice was the sounds coming from the violin, played by an energetic Veronica Bell. Bell really knows how to rock and her stage performance was the highlight of the vibrant show. Another Zamar member, Hilandi, moved the audience to silence with a rendition of a Ukrainian Folk Melody on her guitar, an ode to her mother.

The group is one of the most exciting on the local music scene. Zamar has already gained a loyal following by performing with established local artists like Steve Hofmeyr and strutting their stuff on shows like *Kunskafee* and *Pitstop* on KykNet. Formed in Stellenbosch the other members of the group are Luyda (accordion), Anjulie (double bass) and Doné (djembe & percussion).

Anna is a former member of the a capella group Cutt Glas. They have won a string of awards and have even performed for ex-president Nelson Mandela. She went solo in 2003 after having recorded two albums without the group.

She launched her third CD, *Godinne op die grondpad* at last year's Klein Karoo Nasionale Kunstefees.

# Woordfees reaches out to Kayamandi

**Thobile Hans**

Kayamandi township got its share of the Woordfees on the Saturday.

Upcoming artists strutted their stuff and shared the stage with experienced bands, like the artist Sharon Katz, Peace Train and The Abaqondisi Brothers.

Sharon and Peace Train wowed the audience with their collaboration with a local group, Ithuba ekhaya (Chance at home). They blended perfectly as if they have been together for months. But they had only three days of rehearsals.

The *musos'* spirit was not dampened by the poor attendance. They kept the small audience on their feet with familiar songs.

Sharon started her show collaborating with a group of energetic girls between the ages of 12-15 on the song *Get on the peace train*. Her young collaborators did exactly that.

Thereafter the band started with a popular song *Siyajabula* (We are happy). Sharon composed it on the day Nelson Mandela was released from prison.

They also performed two songs from her latest album *Lerato* (Love): "Ntyilo-Ntyilo" and "Afrika khayalami" (Africa my home).

Peace Train, from Durban, consists of Shophi on vocals, Barney Bophela on keyboards and Mazwakhe Gumede on guitar.

The well travelled local group The Abaqondisi Brothers only teased the audience with two of their songs.

People were still expecting more from them, but they had to leave for another performance.

Other local groups who performed earlier the day were Vusisizwe Community Theatre project, the Kayamandi Choir and the Ikhaya Brass Band.

There were about 150 people inside the Kayamandi Centre, others were standing outside against the wire fence. Although there were few people, they reflected the surrounding area's demography.

# "ONS MOET SAAMLEEF!"

vertel George Meyer, die talent agter die Woordfeesplakkaat
**Samarie Smith** het met hom gesels



**GEORGE MEYER** in die HB Thom tydens die fees voor sy kunswerke.

Samarie Smith

In die HB Thom-teater se foyer staan 'n man met 'n breë glimlag en pronk tussen 'n versameling skilderye wat alle vaalheid in die vertrek ophelder.

Baie mense sal nie die storie agter hierdie vriendelike gesig ken totdat jy 'n oomblik langs hom stilstaan en nuuskierig in sy geskiedenis begin rondsnuffel nie. Op die platteland is George Meyer reeds diep in sy gemeenskap se hart, nie net as 'n suksesvolle skilder nie maar 'n humanis wat in sy gemeenskap se belange optree.

Op sy T-hemp is 'n versameling afdrukke van klein kinderhandjies en 'n Christus-figuur.

"Ek het die kinders genooi om hul afdrukke op my T-hemp te maak. Daarna het ek self die Christusfiguur ingeteken. Jy sal sien die kruis is nie sigbaar nie want ek is nie 'overly religious' nie, maar dit simboliseer sacrifice. Om te skep, is 'n wonderlike ding, en as almal dit kan waardeer, kan ons lekker oud word met 'n smile!"

George Meyer, die kunstenaar van Wellington op wie se werk vanjaar se feesplakkaat gebasseer is, is baie trots daarop dat hy dié geleentheid "per toeval" gekry het.

Die feesdirekteur, dr. Dorethea van Zyl, het Meyer se kleurvolle uitstalling op Evita se verjaarsdagviering op Darling raakgeloop en hom van die fees vertel.

Die gekose werk, 'n man wat 'n fluit speel, het perfek gepas by vanjaar se Woordfeestema: "Stories".

Meyer het egter sy eie opwindende stories wat sy persoonlike betrokkenheid by sy gemeenskap inkleur.

"Dit is fantasties om deel te wees van die Woordfees en 'n bydrae te lewer in my samelewing", vertel hy opgewonde.

Hy het onder andere een van sy skilderye vir die Hugorust Daghospitaal geskenk en die N2 "looploop-ry-loop" aangedurf. Meyer het verskeie borge ontvang wat hierdie "tog na die Noorde" ondersteun het. Meeste van die afstand is te voet van sy tuisdorp, Wellington, na Johannesburg afgele. Sy motivering vir die projek was om mense bewus te maak van HIV, borskanker en vroue- en kindermishandeling. Hy het van dorp tot dorp geswerf, straat-uitstallings gehou en welsynsorganisasies besoek. Hy is ook reeds besig met die beplanning van sy volgende "trippie".

Meyer het geen formele opleiding in kuns nie en het homself geleer.

"My boeke is so oud soos die dae wat ek getroud is – 20 jaar! Ek het 'n wonderlike vrou - sy verstaan my en gee my die nodige spasie om die kunstenaar in my binneste te embrace!"

'n Plattelandse toneel wat hy geskilder het, verskyn ook op Woolworths se duursamer inkopiesakke.

Twintig van sy werke is tydens die fees by die HB Thom-teater uitgestal, insluitend die een wat pryk op die Woordfees-plakkaat. Sy werk is baie kleurvol en spruit uit sy persoonlike ervaringe in sy grootworddae in onder meer Distrik 6 en McGregor. Dit beeld uit oomblikke langs die etenstafel, straat- en landelike tonele en mense besig met hul alledaagse take.

"Ek het baie skilderye van 'n vrou gemaak in Melville, Johannesburg, wat gewerk het as 'n motorwag. Jy sal verbaas wees hoeveel geld daardie mense maak! So geen normale mens het eintlik verskoning om leeg te le nie.

"Al sê mense ek is mal, it doesn't matter, want ek babbel gedurig. Ons moet eerlik en opreg wees met mekaar, but more simply, ons moet sáámleef!"

# 'n Legende leef na 40 jaar voort

Die Irma Stern uitstalling tydens die Woordfees was ter era van die Ruperts op Stellenbosch

Samarie Smith

" Ek werk lank aan 'n skildery in my kop "

*Irma Stern en Stellenbosch*
Kurator: Amanda Botha

Die Hoogtepunt by die Woordfees, was die Irma Stern-uitstalling in die US Sasol Kunsmuseum wat Amanda Botha, die kurator, met moeite opgespoor en met besondere oordeel bymekaar gebring het.

Botha is 'n bekende kunskenner en literêre joernalis wat sover gegaan het om die Universiteit van Kaapstad, die Irma Stern-Trust en die Irma Stern Museum se onmiskenbare ondersteuning en hulp te werf vir die uitstalling. Nie net verleen Stern se werke kleur aan die atmosfeer van die feestyd nie, maar die uitstalling herdenk ook terselfdertyd die halwe eeu sedert haar dood. Stern was 'n moderne voorloper van haar tyd as ekspressionis in beide Suid-Afrika én in Europa, maar het eers in die 1940's positiewe terugvoer begin kry vanwieë die onkonvensionele inhoud van haar werk. Na haar opleiding in Duitsland het Stern baie wyd getoer in Afrika en Suid-Afrika en representeer haar werk meestal die mense en landskappe waarmee sy in kontak gekom en dan op haar doek idealiseer het. Stern se werk kan in vandag se konteks misinterpreteer word weens die naakte en vrylewende lewenstyl van die volksgroepe wat die inhoud van haar werk oorheers, maar Kruger het haar fyn oordeel gebruik om 'n liggaam van werk saam te stel wat Stern se styl, onderwerp en ongelooflike bemeestering van haar professie illustreer. Sy het in haar leeftyd sedert haar eerste solo-uitstalling in 1919, Berlyn, meer as 100 uitstallings self op die been gebring. Stern se ure in haar studio het nie net skilderkuns produseer nie, maar ook 'n ryke versameling van beeldhou en keramiek.



Een van Stern se werke wat te sien was in die US Sasol Kunsmuseum

"Ek werk lank aan 'n skildery in my kop," het Stern gesê op 'n vraag of haar werk 'n meer emosionele as komposisioneel deurdenkte inhoud gevat. Dit is juis wat mense nie vroeer sou begryp van kreatiewe individue in haar genre nie, en dit is dat daar soveel meer dissiplinne en konsentrasie vereis word met kleur as 'n emotiewe instrument. Botha se keuse van Stern se werke sluit 'n meerderheid portrette van vroue in, 'n paar stillewes en landelike tonele. Die uitstalling is opgedra aan dr Anton en mev Huberté Rupert, wat 'n groot rol in Stern se lewe gespeel het. Diegene wat belangstel in Irma Stern se geskiedenis en bydrae tot die kunswereld in Suid-Afrika, word aanbeveel om die Irma Stern Museum, vroeer haar eie woning, te besoek. Die museum is in Rosebank, Kaapstad, waar haar lewensverhaal opgesluit le in artifakte en kunswerke van van onder andere die Kongo, Zanzibar, Daker en Swaziland, met haar studio soos sy dit agtergelaat het. Dit ontsluit die misterie van 'n vrou, kunstenaar en ikoon in die kunswereld wat 'n taal van kleuraanwending en merk-maak bemeester het.

# 'n Fees van *fleur*, 'n Fees van *kleur*

**Die minste woorde sê gewoonlik die meeste – of dit nou 'n frase uit 'n boek, 'n stil oomblik op die verhoog of die portret van 'n vrou is wat jou vir ewig van die muur af aanstaar. Die Woordfees het dié jaar fluit-fluit binnegestap met die belofte van sensoriese dimensies. Die belofte is nagekom in die vorm van onder meer twee kunsuitstallings, Crosstalk en 1 000 Woorde.**

**Samarie Smith**

*Crosstalk*
In die US Kunsgallery.

*Crosstalk* was 'n unieke uitstalling van glaswerke wat dié soort kuns sy regmatige spasie en vryheid gun in die sfeer van skone kuns. Die uitstalling het die werke van sewe kunstenaars uit sewe lande bevat, onder andere Elmarie Constandius van Suid-Afrika. Hulle het almal een of ander tyd aan die Gerrit Rietveld Academie in Amsterdam studeer. Dit is danksy kunstenaars soos dié dat glas eindelik vry is van die vroeëre industriële stigma.

Al die werke het sterk emosionele en selfstandige ondertone gehad wat, met glas se unieke breekbare eienskappe, die boodskap selfs verder en meer delikaat oorgedra. Die uitstalling het gestalte gegee aan humor, ironie, herinneringe en metafore.

Constandius se installasie, "Speech Bubbles", het die Woordfees en die hakskeen-bytende taalkwessie skerp aangespreek. Dit het nie net Constandius se eie worsteling met kommunikasie uitgebeeld nie, maar die "Speech Bubbles" het die publiek ook genooi om hul eie worsteling met taal aan te spreek. Met glas kan sy haarself beter verduidelik en reflekteer. Sy daag die kyker uit om taal as iets meer kollektief te sien en gebruik dan juis die eienskappe van glas, breekbaarheid en deurskynendheid, om die feilbaarheid van taal te bevraagteken.

*1000 Woorde*
In Dorpstraat Teater Café.

*1000 Woorde* het die ekspressiewe kleur van die Irma Stern uitstalling herhaal in nóg portrette en landskappe – maar dié keer in 'n unieke idee wat deur Frandi Wiid uitgedink en uitgevoer is.

Vyftien kunstenaars, almal vriende van Wiid, het koppe bymekaar gesit en *1000 Woorde*, afgelei van die gesegde, *a picture paints a thousand words*, het eindelik 'n plekkie in die son in die Dorpstraat Teater Café gevind. Die doel van die uitstalling was om blootstelling te gee aan jong talent (waarvan Stellenbosch propvol is).

"Ek voel sterk daaroor dat kuns uit gallerye uit moet beweeg" het Wiid gesê. Sy het gemik vir 'n meer boheemse gevoel wat tiperend is van straatkafee's in Europa en juis daarom die Dorpstraat Teater Café genader. Die idee is ontleen van die impressionistiese konsep waar kunstenaars saamwerk sonder 'n voorgeskrewe tema om 'n sensoriese ervaring vir die kyker te bewerkstellig. Nie al die kunstenaars in die uitstalling het formele opleiding nie en moet dus die kans gegun word om hulself individueel te verteenwoordig en nie té krities benader word nie.




Daar is geen konsekwente draad wat die werke bind nie en elk staan op sy eie as skildery, tekening, ornament, beeldhouwerk of foto.

Dit is ook waar ek voel die uitstalling se enigste tekortkoming was. Ek het 'n goeie agtergrond in kuns, maar leke het dalk nie. Ek voel dat die uitstalling, met voldoende blootstelling, verdere inligting geskort het om die kyker beter voor te berei vir die sogenaamde "sensoriese ervaring". Op dié manier is daar geen verwarring nie en verkry elke kunstenaar die reg om sy of haar werk in enige konteks te laat funksioneer. Omdat daar geen verband is tussen die werke nie, oorheers die sterker werke en word die ander werke onnodig gekritiseer.

Met die huidige politiese en sosiale klimaat in Suid-Afrika is kunstenaars juis konstant besig om te konseptualiseer en aanvaarde idees buite konteks te plaas om sodoende nuwe idees uit te lok. Ons moet net onthou dat almal nie met 'n gebore *art-detector* is nie en kuns in 'n gemeenskaplike lig gesien moet word. Wiid het 'n ongelooflike projek op haar skouers geneem en die sukses was só groot dat die uitstalling met twee weke verleng is. Dit skuif daarna, op spesiale versoek, na die Durbanville Kunskafee. Die uitstalling is 'n konsep waarop definitief gebou kan word vir die volgende Woordfees.

Hierdie soort uitstallings is baie toeganklik en vriendelik, presies soos 'n taal ook behoort te wees. Stellenbosch huisves 'n unieke kultuur wat 'n speelgrond bied vir alle idees, tale, stories en persoonlikhede. Taal is immers maar net één van vele maniere waarop mense met mekaar kommunikeer!

> "Sy gebruik dan juis die eienskappe van glas - breekbaarheid en deursigtigheid, om die feilbaarheid van taal te bevraagteken"

## 1000 Woorde Kunstenaars

Annette Badenhorst
Carel de Beer
Christo Basson
Elke Le Roux
Frandi Wiid
Gert Vlok Nel
Inge Marais
Ingrid Bloemer
Janko de Beer
Lara Kruger
Niel Vosloo
Riana Wiechers

## Crosstalk

Elmarie Constandius
Lisa Gherardi
Helena Kagebrand
Katrin Maurer
Ryoko Sato
Elizabeth Swinburne
Ellen Urselmann



Ryoko Sato



Elmarie Constandius, Speech Bubble

CROSSTALK

# SKRYWERSGALA LAAT LAG EN SNIK

Met Susanne Beyers, Joannie Combrink en Nicole Holm

Regie en samestelling deur Juanita Swanepoel

In die HB Thom.

Terence Steenkamp

Die *Skrywersgala* by vanjaar se Woordfees is deur een persoon oorheers – PG du Plessis. "Onvanpas" sal sommige sê, veral as jy Susanne Beyers se gesigsuitdrukking of van die ouer garde se rondskuifel in hul ewe-skielik-warm-stoele gewaar het.

Du Plessis self het die verskoning gemaak vir sy "banaliteit". Sy storie van juffrou Joubert en die katoolse donkie het die produksie met meer as 'n uur verleng, maar daar was geen twyfel oor waarde vir die gehoor se geld nie.

Met name soos André P Brink en George Weideman kon daar in elk geval nie gekla word nie. Hul voorlesings het die gehoor laat skater en snik en met opvoerings deur onder andere Beyers en Joannie Combrink, was Skrywersgala baie suksesvol.

Brink se voorlesing uit sy roman *Sandkastele* oor die 17 Samuels het die lagspiere beproef – wie sou kon dink dié bekende skrywer, professor en woordstryders 'n closet-komediant?

EKM Dido, Abraham H de Vries en Elias P Nel het van hul eie tekste voorgelees, terwyl die sang van Nicole Holm die produksie gelei het.

Susanne Beyers se vertolking van WO Khüne se *Waarom die Kalahari leeuens van aggen-taggen-tag af rooi ringe om die bene het* het herinner aan 'n weergawe van Grietjie van Garies. Haar storie van die kat "Oortjies" wat 'n maanhaarleeu op sy plek gesit het, was briljant.

Ander skrywers wie se werke opgevoer is, is Sheila Cussons se *Gestaltes*, 1947, Rykie van Reenen se *Dissie bryde* en Breyten Breytenbach se *Geheue is 'n kou vol voëltjies*.

Andrea Winkler sou "Oom Genis" van Koöperasiestories trots gemaak het: haar vertolking van PG du Plessis se "Soontjie" uit dié TV-reeks, was baie na aan die ware Jakob. Sy het selfs vir Joannie Combrink by tye na 'n amateur laat lyk, iets wat baie harde werk verg.

Die produksies was egter nie net humor-gedrewe nie. Sheila Cussons se *Gestaltes*, 1947, het opnuut herinner aan dié bekroonde skryfster wat in 2004 oorlede is, se werk.

Gerhard Pretorius en Brenda Julies se uitbeelding van 'n uittreksel uit Etienne van Heerden se *Toorberg* was subtiel, dog melancholies en uiters getrou aan die atmosfeer van dié roman.

Skrywersgala het selfs 'n internasionale geurtjie gehad met die insluiting van die Nederlander Mustafa Stitou in die program. Hoewel sy stuk plek-plek onverstaanbaar was (hoofsaaklik weens dié resensent se eie tekortkominge) was dit uitstekend.

Die enigste laagtepunt van dié top produksie was die weglating van Jan Spies se *Tande* en Jeanne Goosen se *Toast.* Die regisseur wou duidelik tyd opmaak, maar niemand sou omgee om langer te sit nie (hoewel die gemak van die HB Thom Teater se sitplekke behoorlik getoets is).

PG du Plessis kon dalk hiervoor blameer word, maar min mense in die stamvol teater sou so iets wou doen.

> "Hul voorlesings het die gehoor laat skater en snik"

# Giliomee: Greep op geskiedenis belangrik

**Suid-Afrikaners moet hul geskiedenis verstaan om die toekoms tegemoet te gaan, was geskiedkundiges se gevolgtrekking tydens Historie, deel van die Woordfees se reeks diskoerse.**

Jan Gerber

Diskoers: *Historie*
Met o.a. Albert Grundlingh, Hermann Giliomee en Karen Harris

Suid-Afrikaners moet hul geskiedenis verstaan om die toekoms tegemoet te kan gaan, het geskiedkundiges tydens *Historie*, een van die reeks diskoerse by die Woordfees, benadruk.

Prof. Albert Grundlingh, hoof van die Universiteit van Stellenbosch se Geskiedenisdepartement, het die diskoers soos volg ingelui: "Kan daar sprake wees van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse geskiedenis?"

Hy sê "weinig individue is onaangeraak deur die verlede".

Grundlingh meen dat daar meer na "alledaagse persoonlike geskiedenis" gekyk moet word, soos byvoorbeeld op die platteland, waar rasseverhoudinge interafhanklik is en "rasseskeidslyne meer vloeibaar is as wat algemeen voorgehou word".

Hy meen dat daar na benewens die "histories verdelende faktore" in Suid-Afrika meer gekyk moet word na die faktore wat Suid-Afrikaners "vasgehou het".

> "Vertel jou storie, maar moenie glo jy vertel die waarheid nie."

Hy het ook gesê "historici sal stories beter vertel indien hulle dit in die breër tafereel van Suid-Afrika plaas".

Prof. Hermann Giliomee, buitengewone professor van geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, het gesê: "Die enigste manier om 'n greep op jou lewe te kry, is om 'n greep op jou geskiedenis te kry."

Giliomee meen Suid-Afrika het groot uitdagings waarvan daar nie 'n sukses gemaak gaan word alvorens die geskiedenis nie begryp word nie.

"Vertel jou storie, maar moenie glo jy vertel die waarheid nie," som hy die rol van die geskiedskrywer op, in 'n bestel waar daar nou 'n impuls is om veelvuldige identiteite te ondersoek. "Mense moet leer om bifokaal te kyk; na jou eie maar ook 'n ander man se storie."

Giliomee bespeur in Suid-Afrika 'n "geweldige poging om betrokkenheid by Suid-Afrika te ontwikkel".

Hy meen die storie van Suid-Afrika se prestasie moet net soveel beklemtoon word as die lyding waaronder Suid-Afrika deurgeloop het.

Prof. Karen Harris, Geskiedenisdosent aan die Universiteit van Pretoria, sê geskiedenis gaan nie oor die verlede nie, maar oor die siening van die verlede.

Daar is verskillende stories oor die verlede, maar dit gaan oor die interpretasie daarvan. Sy meen "geskiedenis verander soos die tye verander".

Harris meen Suid-Afrikaners "moet nie 'n nasie bou nie, maar moet 'n nasie verstaan". Geskiedenis moet krities benader word en van alle kante beskou word. Dosente kan nie die verlede herskep nie, maar slegs 'n vertolking aan studente oordra.

# Dana oor boeke en die binneland

Richard Roberts

Voorlesing: *Uit die binneland*
Deur Dana Snyman

Dana Snyman, rubriekskrywer en joernalis van die tydskrif *Weg*, het tydens vanjaar se Woordfees uit sy nuwe boek, *Uit die binneland*, voorgelees.
Daarin beskryf Snyman sy reise en ondervindings in afgeleë dorpe in die binneland.
In 'n onderhoud met Johan Bakkes tydens die voorlesing het dié nomadiese skrywer uitgebrei oor sy lewe.
Snyman het vertel dat hy soms self nie sy liefde vir die langpad kan verklaar nie, maar dat hul rondtrekkery na matriek (op Daniëlskuil) van een dorp na die ander dalk daartoe kon gelei het.
Hy het vertel dat dit hom eenkeer nege dae geneem het om van Johannesburg na Randburg te ry.
Op die ouderdom van 26 het hy joernalistiek bestudeer om sy skryftegniek te verbeter. Aan die einde van die gesprek het hy verduidelik dat skrywers in hul stories moet glo en gesê dat stories groter is as mense.
"Ons maak almal deel uit van die vertel- en verhaalproses."

> "Dit het hom eenkeer nege dae geneem het om van Johannesburg na Randburg te ry."

# Skrywersprofiele

## Small, Rousseau vereer

Gerhard Mulder

*Die groot Small*
Gesprek gelei deur André P Brink en Steward van Wyk

*Die subtiele skrywerskap van Ina Rousseau*
Samestelling: Amanda Botha

Die Woordfees het vanjaar vir die eerste keer 'n reeks skrywers-profiele aangebied.

Die gedagte, volgens dr. Dorothea van Zyl, feesdirekteur, is "om hulde te bring aan die groot geeste wat in Afrikaans werk".

Die eerste van dié profiele was gewy aan Adam Small, getiteld Die groot Small.

Small vier vanjaar sy 70ste verjaardag, en word steeds, volgens André P. Brink, "skandelik misken" as skrywer.

Brink het weggeval deur die Suid-Afrikaanse Akademie van Wetenskap en Kuns daaraan te herinner dat hy nog nie die Hertzog-prys aan Small toegeken het nie. Brink beskou sy oeuvre as "ryk, maar klein. Daar is 'n handjievol kwaliteit-gedigte en een belangrike drama".

Brink het veral in sy rede op Small se drama, Kanna hy kô hystoe, gefokus. Hy beskou dit as 'n "wêreldklas drama", waarmee Small "man-alleen Suid-Afrikaanse drama verander het".

Hierna het Peter en Sandy Braaf 'n voordrag van Small se werk met woord, sang en kitaar gedoen. Die humor en hartseer van Small se struwe-ling met godsdiens en apartheid was duidelik uit die keuse van gedigte wat opgevoer is.

Gedigte soos "Oppie parare" en "What abou' de lô?" het Small se bemeestering van die praatritme duidelik uitgebring.

Die program is deur 'n akademiese huldeblyk aan Small, gelewer deur Steward van Wyk van die Universiteit van die Wes-Kaap, en 'n persoonlike huldeblyk deur Robert Pearce, 'n digter en bibliotekaris by Unisa, afgesluit.

Die groot Small was 'n suksesvolle eerste huldeblyk by die Woordfees, groeipyne ten spyt. Dit is egter jammer dat daar geen foto's of ander visuele bydrae tot die program was nie.

Die gedenkprogram Die subtiele skrywerskap van Ina Rousseau was die tweede skrywersprofiel. Rousseau, 'n digter en kortverhaalskrywer, is op 13 Augustus verlede jaar oorlede.

Die geleentheid is bygewoon deur haar naaste vriende en familie, nadat haar as kort voor die program by Coetz-enburg gestrooi is.

Amanda Botha, samesteller van die program, en Hennie Aucamp, 'n vriend en kortverhaalskrywer, het die aand begin deur in gesprek te tree met Dalene Bekker. Bekker en Rousseau was 65 jaar lank hegte vriende.

Hulle was sedert skooldae vriendinne en Bekker vertel dat Rousseau altyd "die bron van alle kattekwaad" was. "Die duiwel het in daardie koppie rondgedraai," het 'n effens bewoë Bekker die gehoor meegedeel. Op skool- reeds het die "slimkoppie" woorde en digkuns ernstig opgeneem.

Rousseau sou later jare nie net digter en kortverhaalskrywer wees nie, maar ook betrokke raak by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

Riana Scheepers, kortverhaalskrywer, het haar kort en diep vriendskap met Rousseau gedeel.

Sy het Rousseau opgesom as 'n besonderse digter, kortverhaalskrywer, vertaler, woordeboekmaker en psalmberymer.

Sy bestempel Rousseau as 'n "geheimsinnige en eksentrieke mens, met 'n ongelooflike humorsin".

Dis juis die skugter aspek wat deur meeste sprekers uitgelig is.

Aucamp het geraat van die "foonvriendskappe" wat Rousseau verkies het.

Scheepers het vertel dat Rousseau waarskynlik die enigste persoon is wat die Hertzog-prys ontvang het van die Naspers-bode, aangegee deur haar tuinhekkie.


Botha, as samesteller van die aand, het 'n besonderse taak verrig deur foto's van die publisiteitsku Rousseau te vind.

Die aand is afgesluit deur die komponis Pieter de Villiers se toonsettings van Rousseau se gedigte.

André Howard, Stellenbosse bariton, het "Potchefstroom" en "Die seuns en dogters van die mens 4" gesing.

Laastens is die twee berymings wat Rousseau vir die Gereformeerde Kerke se Liedboek gemaak het, deur die gehoor gesing.

Dit was 'n gepaste afsluiting van 'n besonderse gedenkdiens aan 'n buitengewone skrywer.



**ADAM SMALL** was die fokus van een van twee Skrywersprofiele wat aangebied is by die Woordfees. Kunstenaar:**Thinus Slabber**

# Miskruier

## ...skets SA se moontlike donker toekoms

Richard Roberts

Voorlesing: *Miskruier*
deur Jaco Botha

Uittreksels uit Jaco Botha se debuutroman, *Miskruier*, is tydens die fees by die Protea Boekwinkel voorgelees.

Prof. Louise Viljoen van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch het die program gelei en meer oor sy inspirasie vir die boek uitgevind.

Botha skryf reeds van jongs af kortverhale, maar het onlangs die oorgang vanaf die kortverhaal na die roman gemaak.

Volgens hom het die storie 'n "sterk verhaalelement" besit en moes hy dit eenvoudig in 'n roman omskep.

Die situasie in Zimababwe en die Volksmoord in Duitsland was vir hom die inspirasie en hy het in sy boek probeer om hom 'n soortgelyke situasie in Suid Afrika te verbeeld. Die leser word volgens Botha in die slagoffers van sulke diktators se skoene geplaas.

Hy bestempel sy boek as "waaghalsig" vanweë sekere tonele en gebeure. Beskrywings soos die sluipmoord van pres. Thabo Mbeki, die Wêreldbeker wat tot niet verklaar word en die verkiesing wat afgestel word, is ook in die gesprek bespreek.

**Jaco Botha se nuwe roman, *Miskruier*, is by die Protea Boekwinkel voorgelees.**

# De Vries skryf & praat wat hy ken

**Abraham H. de Vries, bekende kortverhaalskrywer, het sy jongste bundel in Stellenbosch bekend gestel**

Richard Roberts

Voorlesing: *Verhale uit 'n koel voorhuis*
deur Abraham H. de Vries

Abraham H. de Vries, bekende kortverhaalskrywer, het tydens die fees sy jongste bundle, Verhale uit 'n koel voorhuis, in Protea Boekwinkel op Stellenbosch bekend gestel.

Hy is voorgestel deur prof. Wium van Zyl, goeie vriend en kollega van De Vries.

Die bundel is 'n versameling van sommige kortverhale wat hy tussen 1957 en 1973 geskryf het. De Vries het op Ladismith grootgeword en het reeds in St. 8 met skryfwerk begin.

Hy weet egter nie werklik hoe om kortverhale te skryf nie. Hy probeer maar net, en soms kry hy dit reg, het De Vries gesê.

Hy skryf gereeld oor die Klein-Karoo se wêreld. Vorige boeke sluit-in Op die wye oop Karoo en Tot verhaal kom.

Hoog teen die hemelkrans was sy eerste publikasie in die Huisgenoot en is geskryf toe hy nog as student aan die Universiteit van Stellenbosch studeer het.

De Vries het gesê 'n kan persoon nie skryf as jy dit waaroor jy skryf, nie deeglik ken nie. Daarom doen hy dit oor die Klein-Karoo.

Vier fees saam en proe aan die Woord


# fluit-fluit


# DIE WOORDFEES IS UIT



**Andreas Tredoux**


**Carlin Alexander en Tanya van Willingh**

FOTO'S: MARILYN STANFIELD


**Philip Lotz**


**Lize-Marié de Bruin en Stefan van As**


**André Lammers**


**Meagan Strydom**

**Lara Atson**

2006se Woordfees het, oudergewoonte, talle mense gelok met goeie produksies, praatjies en uitstallings.

Sekere feesgangers het egter hul misnoeë uitgespreek oor die ontoeganklikheid van die fees vir nie-Afrikaanssprekendes en die hoë kaartjiepryse.

Die Woordfees was egter wel 'n reusesukses. Met die tema "Stories", het die fees met 'n verskeidenheid toneel- en musiekvertonings gespog.

Volgens die meeste feesgangers het *Verkeer* en *Karoo Kitaar Blues* bygedra tot dié suksesstorie.

Philip Lotz, 'n finalejaar-dramastudent, het veral *Verkeer* geniet. Dié vertoning was nie verniet wenner van die AngloGold Ashanti Aardklop Smeltkroesprys nie. Lotz praat met groot lof van die regisseur, Jaco Bouwer, en woon meeste van sy vertonings by.

Volgens hom was die bemarking van die Woordfees goed en was hy bewus van aktiwiteite rondom die fees. "Dit is egter baie duur." Volgens hom maak dit die fees ontoeganklik vir die meeste studente.

Pierre-Arnold Theron, 'n medestudent, stem saam met Lotz. "Die *shows* is ongelooflik duur, wat van die gemiddelde student?"

André Lammers meen ook *Verkeer* se teks is baie goed. Lammers glo daar is goeie redes vir die duur kaartjiepryse. "Die huur van *venues* en akteurs is duur, maar dit verseker kwaliteit en kredietwaardigheid aan die vertonings." Volgens hom is dit egter die moeite werd. Hy glo afslag vir studente sal wel meer jonger mense lok.

Liza-Marie de Bruin en Stefan van As het die gratis Karen Zoid-vertoning in die Neelsie-studentesentrum bygewoon. "Dit was verruklik en dié jaar se fees was beter as die vorige jaar."

Andreas Tredoux het *Sussie rafel nou uit* bygewoon. "Dit was baie goed." Volgens Tredoux is dit gewis nie sy laaste Woordfees nie.

Een van die grootste krapperighede vir talle feesgangers was dat Engels onderverteenwoordig was.

Don Rynhard meen dat nie almal Afrikaans magtig is nie. Dit veroorsaak dat Engelssprekende mense, veral op kampus, nie geweet het wat aangaan nie. Vir hom is dit sinloos om 'n vertoning by te woon waarvan jy geen woord verstaan nie.

"Ek verstaan egter dat hierdie 'n Afrikaanse universiteit is, en dat Afrikaans *preserved* moet word". Niks van die *shows* het egter sy belangstelling geprikkel nie. Hy het meesal musiekvertonings bygewoon.

Meagan Strydom is van mening dat bemarking 'n groot probleem is wanneer dit by die Woordfees kom.

"Woordfees-brosjures is meesal net by die Lettere en Wysbegeerte-gebou beskikbaar gestel, met die gevolg dat mense in ander fakulteite grootliks uitgesluit is."

Dit is byvoorbeeld moeilik vir 'n ingenieurswese-student om bewus te wees van wat op die ander kant van die kampus aangaan.

Tanya van Willingh en Carlin Alexander meen ook so. Hulle was nie bewus van helfte van die vertonings nie. Eers ná sommige vertonings het hulle daarvan te hore gekom.

"Dis baie teleurstellend dat nie almal bereik word nie."




Daar word gesê dat alkoholisme oorerflik is. Dit geld sekerlik ook vir ander tipes verslawing. Soos feesverslaafheid. My ma is definitief 'n *junkie*. Sy woon elke fees in die Noord- en Wes-Kaap by, van Upington se Kalahari Kuierfees tot Oudtshoorn se KKNK. Sy mis ook nie 'n Woordfees nie.

Ek blameer dus my gene vir die feit dat die Woordfees my jaarliks opslurp en na 'n week soos 'n opgekoude biltongsening uitspoeg.

Dit het vanjaar begin by Karen Zoid se vertoning in die Neelsie Dinsdagaand. Hoewel Zoid en manlief Don 50 minute laat was, het die volgepakte studentesentrum geduldig gewag. Dit kan dalk toegeskryf word aan die feit dat slegs wyn en bier te koop aangebied is geen hardehout wat gewoonlik bydra tot kort humeure nie.

Ek moes Woensdag- en Donderdagaand Woordfees-kaartjies verkoop in die HB Thom teater se voorportaal om my gewoonte te finansier, soos enige verslawing wat sy naam werd is van jou vereis. Niemand het na die tyd hul geld teruggeëis nie, wat my laat vermoed dat Adriaan Meyer se *Ouhout* en Neels van Jaarsveld se *Meneer de Beer* suksesvol was.

Dinge het Vrydag warm geraak toe ek 'n *trip* van *Suurgat* om 18:00 in die Klein Libertas Teater, Rian Malan om 20:00 in Dorpstraat Teater Café en daarna Jack Hammer in Bohemia moes hanteer.

Die euforie van Piet Botha se *Goeienag, Generaal* en 'n enkel whisky het gesorg vir 'n droomlose slaap sonder die gewone spoke wat jaag na só 'n dag.

Saterdag was vol slim voetwerk om vier skofte in die HB Thom Teater se voorportaal se balanseer met die Straatfees voor Bohemia.

Daar was 'n stalletjie buite die teater waar 'n man 15 pannekoeke gelyk gebak het op sy gasplate, wat gesorg het vir genoeg energie.

Die mense agter in die ry het die eerste tekens van Woordfees-verslaafheid getoon deur liries te raak oor die hoë gehalte van produksies en genoeg parkeerplek.

Akkedis is laat Saterdagaand van die verhoog af gereeën en ongelukkig kon Jesse Jordan en Jack Hammer ook nie 'n noot inkry nie.

'n Ligte fees-babbelas het Sondag ingeskop, met 'n *nightcap* in die vorm van *As mure kon praat* in die Klein Libertas Teater.

Die ontnugtering van Maandagoggend lê steeds swaar op my gemoed. Ek sê elke jaar "nooit weer nie". Maar dan gryp die fees my, misbruik my en laat my met die gevoel dat ek net nooit heeltemal genoeg kry nie.

Erkenning is glo die eerste stap na genesing. Ek ontken dus alles, saam met my ma.